

**27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 29**

**Fokusgedeelte: Psalm 29:1 en 11**

**Die MAGTIGE GOD sien om na jou lewe**

Dink aan 'n donderstorm, die weerligstrale wat blits en die donderslae wat knal! Wat beleef jy? Vrees? Ontslag vir hierdie geweldige natuurkragte? Of dalk die besef van hoe nietig jy is?

In Psalm 29 word die verskyning van God beskryf as 'n donderstorm waaruit die stem van die Here sewe keer flits en knal, met geweldige dinge wat as gevolg daarvan gebeur. Dit maak ons bewus van God se grootheid, sy majesteit. Dááror moet Hy geloof en geprys word. So begin die psalm dan ook met 'n oproep dat alle hemelse wesens Hom loof en prys oor sy eer en mag (vs 1).

Hoor dan in elke donderstorm die magtige stem van die Here en erken sy almag. Onthou: selfs die vreesaanjaende weerligstrale en donderslae word deur Hom beheer. Die Here onse God, is die MAGTIGE GOD!

Wie is ons dan, so klein en nietig?! Tog sien God om na ons. Hy gee krag aan sy volk en seën sy volk met vrede (vs 11). Die Woord van God is vol voorbeelde hiervan, hoe Hy telkens sy almag aangewend het in belang van sy volk. Ook Jesus Christus se oorwinning oor die dood was in ons belang, om aan ons krag te gee en ons te seën met oorfloed en vrede.

Die geskiedenis van die GKSA (en jou eie lewensgeskiedenis) vertel van die MAGTIGE GOD wat in sy almag na ons omsien. So staan ons klein voor Hom, wat ons lewe (en ons toekoms) in sy hand vashou.

*Sing: Psalm 148:1, 5, 9 (2001-omdigting) / Psalm 148:1, 5 (1936-beryming)*

*Ds JL van der Schyff (Welkom-Noord)*